# Week 4 (23-29 Maart) – Commit vir die lang pad

*Paulus se Damaskus ervaring – Handelinge 9 en FIlippense 3*

Verandering is nie maklik nie, daar is nie vinnige antwoorde en kortpaaie nie, dit is meer soos saad wat jy saai wat oor tyd opkom. Die eindpunt van ons journey is nie om ***morally pure*** te wees nie, **maar om naby aan God te wees**, te ontdek hoe Hy by ons is en in ons werk en deur ons sy lig laat skyn.

Die model waarmee ons vir 40 dae gaan werk neem ons deur 5 fases om ons te help om te verander:

1. Erken dat jy in die moeilikheid is (week 1);
2. Wees eerlik oor wat jou keer om te verander (week 2);
3. Vra en vat vergiffenis (week 3);
4. Commit vir die langpad (week 4);
5. Wie hou jou accountable? (week 5)

Verandering vat tyd. Soms soek ons 'n vinnige fix, of maklike oplossing. Die lewe leer ons dat vir blywende verandering daar nie maklike vinnige antwoorde is nie – dit vra 'n commitment vir 'n lang pad. Die Israeliete trek 40 jaar deur die woestyn nadat hulle 400 jaar slawe was! Ons moet weier om op te gee ...versoekings en uitdagings gaan bly kom, maar kies die lang pad *(die scenic route!)*

Lees saam, bid saam , maak tyd in jou dag vir hierdie dagstukkies hierdie week. Wees eerlik oor jou eie journey van change wat jy moet loop en vertrou God om in hierdie tyd in jou lewe te werk.

## Maandag 23 Maart - Dag 23:

*"Faith became about external requirements that could be enforced, punished, and rewarded, much more than* an actual change of heart and mind, *which Jesus described as something that largely happens "in secret, where your Father who sees in secret can reward you" (Matthew 6:4, 6, 18)."* Richard Rohr

Paulus (toe nog Saulus) het nie gedink dat hy oppad is na Damaskus om die Here te ontmoet nie. Die Here het ander planne met hom gehad. Ons journeys en lewens is nie net ons saak nie. God het ook 'n plan met ons, maak nie saak hoe jou lewe lyk, waarheen jy oppad is nie.

**Lees Handelinge 9:1-6**

Waar in jou lewe het jy 'n goddelike ingrype nodig?

## Dinsdag 24 Maart - Dag 24:

*"If unconditional love, loyalty, and obedience are the tickets to an eternal life, then my black Labrador, Venus, will surely be there long before me."* Richard Rohr

God se plan met Paulus neem ‘n belangrike wending op die Damaskuspad. God het iets baie groter vir hom in gedagte. Ons ken die storie en weet dat Paulus die eerste sendeling is wat die evangelie in die destyds bekende wêreld indra. Maar die Here stop hom in sy voetspore, maak hom blind en dwing hom tot stilstand. Om te verander, moet ons soms van koers verander, of ‘n ander pad vat en baie keer is dit ‘n langer pad waarop God ons shape.

**Lees Handelinge 9:7-12**
Hoe bring God vir Paulus tot stilstand en watter impak het dit op hoe hy funksioneer?

## Woensdag 25 Maart - Dag 25:

*“You cannot grow without a strong tolerance for ambiguity, an ability to allow, forgive, and contain a certain degree of anxiety, and a willingness to not know-and not even need to know.”* Richard Rohr

‘n Verhouding met die Here is vir die langpad. Groei vat tyd. Min van ons het dramatiese Damaskus-bekerings gehad, maar het op ander manière en soms oor ‘n langer tyd by die Here uitgekom. Dit is egter net die eerste tree van ‘n nuwe pad. God is betrokke in ons lewens vir die lang pad en nie vir ‘n klomp kort vinnige fixes nie. Paulus het nie altyd dit maklik gehad na sy bekering nie.

**Lees Handelinge 9:13-25**
Watter uitdagings was daar vir Paulus na sy bekering?

## Donderdag 26 Maart - Dag 26:

*“Yes, transformation is often more about unlearning than learning, which is why the religious traditions call it “conversion” or “repentance.”* Richard Rohr

Paulus se storie van groei en verandering is ‘n lang pad storie. Ons raak soms gou moedeloos, want ons leef in ‘n ongeduldige, gemaklike quick-fix wêreld. Die Here stel belang in die vorming van ons karakter en dit vat gewoonlik tyd.

Lees **2 Korintiers 11:16-31** oor alles wat Paulus moes deurmaak toe hy die pad agter Jesus aan gekies het.

## Vrydag 27 Maart - Dag 27:

*“The Crucified revealed to the world that the real power that changes people and the world is an inner authority that comes from people who have lost, let go, and are re-found on a new level.”* Richard Rohr

As ons die pad van die Here kies, kan ons maklik ons hoop bou op uiterlike godsdiestige aktiwiteite en dissiplines. Ons kan ons groei meet aan hoeveel keer ons wat regkry. Eerlik:

ons gaan dit vir kort tye kan aanhou doen – maar ook dit gaan nie hou nie. Ons hoop en sekuriteit en krag en stamina moet iewers anders lê. Dit kan nie in ons eie krag wees nie.

Lees **Filippense 3:4-11** as Paulus skryf oor sy journey.  Wat los hy en wat vat hy saam met Hom op hierdie pad?

## Saterdag 28 Maart - Dag 28:

*"Faith is so rare - and religion so common - because no one wants to live between first base and second base. Faith is the in-between space where you're not sure you'll make it to second base. You've let go of one thing and haven't yet latched into another. Most of us choose the security of first base."* Richard Rohr

Om geestelik volwasse te word, vra die heeltyd om los te maak en agter te los, maar om dan weer nuut vas te hou aan iets anders. Geloof is om nie te bly waar ons is nie, diep in ons moet daar 'n onrustigheid wees as ons nie groei en verander nie.

In **Filippense 3:12-16** skryf Paulus oor die onvoltooidheid van hierdie journey.  Watter sekuriteit is daarin om te ontdek dat ons aan Christus behoort?

## Sondag 29 Maart - Dag 29:

*"Much of the Christian religion has largely become "holding on" instead of letting go. But God, it seems to me, does the holding on (to us!), and we must learn the letting go (of everything else)."* Richard Rohr

Ons keuse vir langpad-geloof is 'n keuse wat jy baie greeld moet maak.  Challenge jouself gereeld oor waar jou sekuriteit lê, oor waarin jy aanvaarding soek.  Maar ook waar jy moet change en aanhou change.  We can't follow Jesus and stay the same...

**Lees weer Filippense 3:4-16**